



eduresourceza.com



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL 1

Merkriglyne

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1 'n ARTIKEL

- 1.1 Noem **TWEE** siektes waarteen inentings in die verlede effektief gewerk het. (2)
*pokke, masels, geelkoors (Enige **TWEE**)*
- 1.2 "Maar met die Covid-19 pandemie sing baie van ons skielik 'n ander deuntjie."
 Wat beteken dit as 'n mens **figuurlik** 'n ander deuntjie sing? (1)
*Jy gedra jouself anders as voorheen/ sê iets wat nie dieselfde is as wat jy voorheen gesê het nie (enigiets wat die **verandering in houding/ uitlate** ens. weerspieël)*
- 1.3 Waarvoor staan die 🤔-emotikons? (1)
vrees, afgryse (ens.) (nie 'bang' nie, tensy dit in 'n frase of sin staan)
- 1.4 Verduidelik wat so ironies is omtrent die mense wat boodskappe op WhatsApp en Facebook stuur om ander mense bang te maak. (1)
Hulle weet niks van wetenskap af nie, maar hulle twyfel in die wêreld se beste wetenskaplikes.
- 1.5 Noem **EEN** vrees wat versprei word deur die mense wat nie in die entstof glo nie. (1)
*Die "Merk Van Die Bees" en Satan se rol in hierdie komplot
 'n Groot Chinese sameswering is om die mensdom met 5G in donker kampe in te jaag.
 Hulle wantrou die geldmag; meer spesifiek dié van Bill Gates
 Die verskuilde agenda en bese intensies van die Illuminati se Nuwe Wêreldorde
 Ons DNS gaan verander
 Ons gaan magneties word,
 Ons word met mikroskopiese mikroskopies ingespuut sodat 'Hulle' 24/7 kan sien presies waar
 ons rondbeweeg.*
 (Enige **EEN**)
- 1.6 Noem **EEN** ding in plaas van die entstof wat mense gebruik om die koronavirus dood te maak (1)
 boererate,
 stoombaddens,
 sinus-gorrels,
 swembad-reinigings,
 anti-malariatablette,
 kruie,
 snaakse goggas
 kameelurine
 Ivermectin
 (Enige **EEN**)

- 1.7 In paragraaf 5 onderbreek die skrywer 'n sin met die woorde 'ek belowe julle' in parentese.
Hoe dink hy gaan die lesers reageer op sy stelling dat sommige mense kameelurine drink? (1)
Hulle gaan hom nie glo nie / hulle gaan lag / dink hy maak 'n grap (ens.)
- 1.8 Waarvoor behoort ons eerder versigtig te wees in ons alledaagse lewens in plaas van vrese oor die entstof?
Noem **EEN** ding. (1)
*Die inhoud van KFC en ander wegneemetes
Pretoria se water
Secunda se lug
Gesmokkelde sigarette
Om ons honde oopbek te soen*
(Enige **EEN**)
- 1.9 Lees paragraaf 8 weer.
Verduidelik in jou eie woorde wat 'n 'ouvroutorie' is. (1)
Dit is iets waarin jy glo wat nie gebaseer is op wetenskaplike feite nie en nie waar is nie.
(ens.)

[10]**Vraag 2 'n STROKIESPRENT**

- 2.1 Die eerste sin van die strokiesprent is 'Sedert kindsbeen kon Linda Motlhalo nooit wegbly van sokker nie'.
Dit beteken dat: (kies **EEN** en skryf slegs die letter van jou antwoord neer)
B (1)
- 2.2 Verwys na die derde raampie van die strokiesprent.
Hoe, dink jy, het Linda gevoel toe een afrigter bewyse wou sien dat sy nie 'n seun was nie? (1)
*skaam, ongelukkig, ontsteld, verneder, haar menswees is aangetas, ens. **NIE** 'kwaad' nie.*
- 2.3 'Haar pa was in haar hoekie en het haar altyd aangemoedig.'
Verduidelik wat dit beteken om in iemand se hoekie te wees. (1)
Dit is om iemand te ondersteun. (enige geldige omskrywings is aanvaarbaar)
- 2.4.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
Linda was altyd vasberade om eendag gekies te word om Suid-Afrika op die sokkerveld te verteenwoordig. (1)
Onwaar
- 2.4.2 Haal uit die leesstuk aan om jou antwoord in Vraag 2.4.1 te motiveer. (1)
'n Eer wat sy nooit van gedroom het nie.

- 2.5 Wat was die eerste ding wat Linda moes oorkom toe sy vir die nasionale span begin speel het? (1)
Om in haarself te glo/selfvertroue (ens.)
- 2.6 In watter oorsese land het Linda later sukses behaal met haar loopbaan as sokkerspeler? (1)
Amerika/Verenigde State van Amerika
- 2.7 Noem **TWEE** merkwaardige feite oor die tennisspeler Kgothatso Montjane. (2)
Sy was die eerste swart Suid-Afrikaanse vrou wat op Wimbledon gespeel het
Sy is 'n rolstol-tennisspeler
- 2.8 Die sleutel tot al Linda se suksesse – van skoolkind tot waar sy nou is – was altyd die mense om haar. (1)
Wie, dink jy, het die grootste rol gespeel in haar sukses? Motiveer jou antwoord. (1)
Enige van die mense wat genoem is in die leesstuk (geen punte nie) met 'n redelik-gemotiveerde antwoord (waarvoor die punt toegeken word)

[10]**VRAAG 3 VISUELE GELETTERDHEID**

- 3.1.1 Hoe kan ons aan die klein dogtertjie se gesig sien dat sy bang is? Noem **TWEE** leidrade. (2)
Haar oë is groot oop/sy huil/haar mondjie is op 'n knop getrek, haar wenkbrou is hoog gelig
*(Enige **TWEE**)*
- 3.1.2 Hoe kan ons aan die ouma se gesig sien dat sy NIE bang is nie? Noem **TWEE** leidrade. (2)
Haar oë is toe, sy glimlag.
- 3.2 Noem **TWEE** leidrade (behalwe vir die ouma se woorde) wat vir ons sê dat die oupa besig is om te slaap. (2)
*die ry 'Z' letters bokant sy kop, sy kop is agtertoe gegooi, sy mond is groot oop, sy bril sit skeef op sy gesig, hy lê op die naat van sy rug, daar is beweegstrepies om hom geteken wat wys dat hy snork (enige **TWEE**)*
- 3.3 Wat noem ons die skoene wat van die oupa se voete afgeval het? (1)
pantoffels
- 3.4 Wat dra die ouma op haar gesig om beter te kan sien? (1)
'n Bril (NIE 'brille' NIE)
- 3.5 Waarop rus die oupa sy kop? (1)
'n Kussing
- 3.6 Kyk goed na die vergoting hieronder. Wat is die funksie van die lyntjies wat om die figuur van die oupa geteken is? (1)
Dit wys dat daar beweging/vibrasie is (ens.)

[10]

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4 HOE OM MENSE TE LAAT WEET DAT JY TRANSGENDER IS

Assessering:

- Sinne moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Elke punt/sin tel twee punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde en/of infinitief moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die leerder 10 uit 10.
- Indien 'n leerder twee sinne per punt skryf, word slegs die eerste sin gemerk.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie.
- Taalfoute word nie meer gepeenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepeenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus minus 2½ in totaal.
- Minus 1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui.
- Minus 1 as leerder minder as 60 woorde of meer as 80 woorde skryf.
- Wanneer 'n instruksie gegee word hoe om elke sin te begin (bv. *Jy moet ...*) en leerders doen dit nie, word hulle as volg gepeenaliseer: minus ½ vir 1–2 sinne verkeerd begin en minus 1 vir 3–5 sinne verkeerd begin.
- Tel 'n en *die* as deel van die woordtelling.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

1. Berei jou boodskap goed voor sodat ander mense dit duidelik kan verstaan.
2. Besluit hoe jy iemand anders wil sê, want jou gemak is die belangrikste.
3. Kies 'n ondersteunende mens wanneer jy eerste uitkom, want as dit goed gaan sal dit jou aanmoedig om met ander te praat.
4. Wees geduldig met jou ouers, want dis dalk moeilik vir hulle.
5. Beplan hoe jy die gesprek vinnig kan beëindig sodat jy veilig kan wees. (71)

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 Die wêreld het so klein geword – *Alta Marincowitz*

- 5.1 Haal **EEN** woord uit strofe 1 aan wat die **narratiewe/verhalende aard** van die gedig aandui. (1)
Toe
- 5.2 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit strofe 1 aan. (1)
lees boeke in hulle soeke na kennis (klanke MOET onderstreep wees)
- 5.3.1 Wat suggereer die lang reëls in strofe 1 (versreëls 1 en 4) van die ouma se **leefruimte**? (1)
Dit is 'n groot, uitgestrekte leefruimte (ens.)

- 5.3.2 Wat suggereer die feit dat strofe 1 slegs uit vier reëls bestaan (en dus die kortste van die drie strofes in die gedig is) van die ouma se lewe? (1)

Die lewe op die plaas was eenvoudig / daar was min tegnologie

- 5.4 Voltooi die tabel hieronder deur slegs die vraagnommers en antwoorde in julle antwoordboekies te skryf.

5.4.1 *Woon op 'n dorp*

5.4.2 *haar kamer/woon in 'n stad*

5.4.3 *boeke*

5.4.4 *televisie*

5.4.5 *plaastelefoon*

5.4.6 *internet / sosiale media platforms (ens.) (MOET uit die gedig kom – dus word 'selfoon' nie aanvaar nie.)*

5.4.7 *televisie*

5.4.8 *die internet* $\frac{1}{2} \times 8 = (4)$

- 5.5 Identifiseer die binnerym in die eerste strofe. (1)

Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis (binnerym moet duidelik aangedui word)

- 5.6 Verduidelik die oksimoron in die derde strofe. (1)

Om klankloos – sonder 'n geluid te maak, te klets of te praat. Gewoonlik hoor 'n mens jou gesprekke met ander mense.

[10]

VRAAG 6 “Mamma” kan ek nie sê nie - Jelleke Wierenga

- 6.1 Waarom gebruik die digter inversie in die titel? (1)

Om die woord 'Mamma' te beklemtoon.

- 6.2 Verduidelik wat dit beteken as jy oor iets “wik en weeg” (r. 3) (1)

Jy besluit of iets gedoen moet word of nie/jy oorweeg 'n keuse/ besluit tussen voor- en nadele van 'n aksie (ens.)

- 6.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die alfabetnommer neer.

Die tegniek wat die digter gebruik om die eerste en tweede strofe te bind is ...

A. *enjambement*

- 6.4 Haal **EEN** woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die ek-spreker terugdink. (1)

'onthou'

- 6.5 Wie is die “hulle” na wie daar in reël 5 verwys word? (1)

Dokters/kenners op die gebied van fetus-ontwikkeling (ens.)

- 6.6 Wat word bedoel met “voor tyd se tyd” (reël 7)? (1)

Voor geboorte/voordat jy uit jou ma se baarmoeder ontsnap

- 6.7 Die ek-spreker stem nie met "hulle" (reël 5) saam nie.
- 6.7.1 Watter enkele woord wys dat sy nie saamstem nie? (1)
'maar'
- 6.7.2 Wat is, volgens die spreker, in kontras met die vorige strofe, wel moontlik? (1)
Om dinge te kan onthou voordat jy gebore is
- 6.8 "maar ek het geweet / wat ek nou weet"
- Wat het die spreker reeds voor haar geboorte geweet wat sy nou ook weet? (1)
Dat haar ma nie lief is vir haar nie/dat haar ma haar nie wou gehad het nie/dat sy 'n onbeplande baba was (ens.)
- 6.9 Met watter woord in die gedig assosieer ons nie gewoonlik die aksies van engele nie? (1)
'afgeskop'

VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

- 7.1 Benoem die rymskema in:
- 7.1.1 strofes 1 en 2; (1)
kruisrym
- 7.1.2 reëls 11-14. (1)
omarmde rym
- 7.2 Noem die poëtiese tegniek wat die digter gebruik tussen versreëls 4 en 5. (1)
enjambement
- 7.3 Watter **EEN** woord suggereer vir die leser dat die meisie in die gedig baie jonk is? (1)
'Pappie'
- 7.4.1 Identifiseer watter emosie die meisie voel wat veroorsaak dat sy die leeu wil streel. (1)
simpatie / meegevoel / jammerte (ens.)
- 7.4.2 Met watter **twee agtereenvolgende woorde** in strofe 3 kontrasteer jou antwoord in 7.4.1? (1)
sonder mededoë
- 7.5 Watter woord dui die wending in die gedig aan? (1)
Toe
- 7.6 Verduidelik waarom die leeu in strofe drie 'ver, soet/ groen vlaktes' kan sien. (1)
Hy het die geleentheid gekry om soos 'n wilde dier op te tree (en 'n prooi aan te val) en dit bring herrineringe terug van sy vroeëre lewe (ens.)
- 7.7 Met watter **twee agtereenvolgende woorde** in strofe 1 kontrasteer 'groen vlaktes' (versreël 14)? (1)
grys beton

- 7.8 Skryf 'n voorbeeld van **alliterasie** neer uit strofe een. (1)
- sy ore stomp, sy lang stert spitssgekwas (Moet die letters aandui)

[10]

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

- 8.1 Ben drink twee energiedrankies en 'n handjievol vitaminedpille, dan sit hy by sy lessenaar om te begin studeer.
Nadat Ben twee energiedrankies en 'n handjievol vitaminedpille gedrink het, sit (het) hy by sy lessenaar (gesit) om te begin studeer. (1)
- 8.2 Hy sit met sy kop in sy hande, want hy voel op die oomblik heeltemal moedeloos.
Hy sit met sy kop in sy hande aangesien hy op die oomblik heeltemal moedeloos voel. (1)
- 8.3 Gaan hy enige simpatie van sy klasmaats en sy onderwysers kry?
Nee, hy gaan geen simpatie van sy klasmaats en sy onderwysers kry nie. (1)
- 8.4 Sy ma bring vir hom 'n koppie koffie om hom te motiveer.
Sy ma bring vir hom 'n koppie koffie, want sy wil hom motiveer. (1)
- 8.5 Ben het 'n rukkie gelede 'n lekker stuk koek voor die televisie in sy kamer geëet.
'n Lekker stuk koek is 'n rukkie gelede deur Ben voor die televisie in sy kamer geëet. (1)
- 8.6 Ben het nog nie eers die boeke oopgemaak nie.
Die boeke bevat al die inligting vir die komende eksamen.
Ben het nog nie eers die boeke wat al die inligting vir die komende eksamen bevat, oopgemaak nie. (1)
- 8.7 Sy ma moet nou vir duur ekstra lesse betaal.
Sy ma hoef nie nou vir duur ekstra lesse te betaal nie. (1)
- 8.8 Ben luister elke middag na klassieke musiek oor sy oorfone.
Ben hou daarvan om elke middag na klassieke musiek oor sy oorfone te luister. (1)
- 8.9 Sy ma vra: "Ben, wanneer gaan jy weer 'n bietjie in die tuin rondloop?"
Sy ma vra vir Ben wanneer hy weer 'n bietjie in die tuin gaan rondloop. (1)
- 8.10 Die moedelse seun gooi sy boeke by die venster uit.
Oor 'n paar minute sal die moedelse seun sy boeke by die venster uitgooi. (1)
- 8.11 Die werk moet vanaand deur Ben geleer word.
Ben moet vanaand die werk leer. (1)
- 8.12 Hy bel gou een van sy klasmaats sodat hy 'n moeilike afdeling kan bespreek.
Hy bel gou een van sy maats om 'n moeilike afdeling te bespreek. (1)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 (rook – korrekte teenwoordige deelwoord)	<i>rokende</i>	
9.2 (a.g.v. – skryf die afkorting uit in woorde)	<i>as gevolg van</i>	
9.3 (moeg – intensiewe vorm)	<i>doodmoeg</i>	
9.4 (wat/wie – kies die korrekte word)	<i>wat</i>	
9.5 (buurman – gee die meervoud)	<i>bure</i>	
9.6 (slordige – gee die antoniem)	<i>slordige</i>	
9.7 (vrug + bome – gee die samestelling)	<i>vrugtebome</i>	
9.8 (maer – gee die vergrotende trap)	<i>maerder</i>	
9.9 (blomme – gee die verkleining)	<i>blommetjies</i>	
9.10 (vuil borde, messe, glase, potte – gee die versamelnaam)	<i>skottelgoed</i>	
9.11 (Saterdag – gee die afkorting)	<i>Sa.</i>	
9.12 (21h20 – skryf die tyd in woorde uit)	<i>twintig oor nege</i>	
9.13 (newspaper – gee die korrekte Afrikaanse woord)	<i>koerant/nuusblad</i>	
9.14 (een – gee die rangtelwoord)	<i>eerste</i>	
9.15 (sy/jy/jou/hy – kies die korrekte voornaamwoord)	<i>jou</i>	
9.16 (respekteer – gee die selfstandige naamwoord)	<i>respek</i>	16 x ½ = [8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- $2 \times \frac{1}{2}$ = inhoud; $2 \times \frac{1}{2}$ = taal
- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Leerders moet die vetgedrukte woorde in 'n reaksie/gevoel omskryf. *Vetgedrukte woorde mag nie in antwoord gebruik word nie.*
- Spelling word nie gepeenaliseer nie, tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- Minus ½ per tipe taalfout per vraag (10.1/10.2 ...), tot 'n maksimum van 1 punt per vraag.

- Leerders mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan die leerder nog 'n punt vir taal kry, MAAR 'N POGING MOET AANGEWEND WORD OM BY DIE GEGEWE SITUASIE TE HOU!
- Direkte rede is 'n vereiste, maar geen aanhalingstekens of inleiding word verwag nie.
- Leerders moet by die voorgeskrewe woordtelling hou.
- Indien die woordtelling oorskry word, of te min is, is dit minus 'n halfpunt PER RESPONS. Geen grasia word meer toegelaat nie. Met ander woorde: as die woordtelling 15 tot 20 woorde is, is 21 reeds minus halfpunt, of 14 is ook reeds minus halfpunt.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woord toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.

10.1 Dame A se drankie het warm geword.

Skryf neer watter **versoek** sy op 'n baie **beleefde** manier maak van die kroegman (Persoon B) om hierdie probleem op te los. (2)

Ekskuus, Skattebol, kan ek groot asseblief nog 'n paar blokkies ys in my drankie kry?

10.2 Die kroegman (Persoon B) reageer dadelik op Dame A se versoek.

Skryf neer wat hy **antwoord** op haar versoek, en wat hy dan sê om haar **diplomatie te sê** dat sy te veel drankies gehad het. (2)

Natuurlik, Mevrouw, ek maak dadelik so. (Antwoord mag afhang van die studente se antwoord op 10.1, maar gebruik maar julle gesonde oordeel.) Ek neem aan dis jou laaste drankie vanaand. (ens.)

10.3 Persoon C hou nie van Dame A nie.

Skryf neer watter **lelike ding** sy van Persoon A sê en ook watter **skinder** sy oor Dame A deel met die vrou wat saam met haar by haar tafel sit. (2)

Ai, Bambi lyk vandag weer soos die goedkoopste Bokstraat-hoer. Ek hoor sy vry met die dominee!

10.4 Die sjef (Persoon D) is 'n baie goeie kok.

Skryf neer hoe hy homself **gelukwens** met die dis wat hy besig is om te kook en ook hoe hy **fantaseer** oor sy toekoms. (2)

Mooi so, Kurt! Dis nou hoe 'n biefstuk moet lyk. Binnekort maak jy jou eie Michelinster restaurant oop!

10.5 Persoon E het 'n fortuin gewen in die nasionale lotery en wil na Dubai verhuis.

Skryf sy **opgewonde** gedagtes neer en ook sy **ongeloof** oor die hoë woonstelhuur. (2)

Ek kan nie wag om te verhuis nie! Hierdie Arabiere is vatlap – ek kan nie glo hoeveel woonstelle kos nie!

[10]

TOTAAL: 100 PUNTE